## CORONAVIRUS ORIËNTASIE

# ADVIES AAN OUERS

### ONDERSTEUN JUL KINDERS GEDURENDE DIE COVID-19 INPERKING

Die Departement van Basiese Onderwys (DBE) erken die noodsaaklikheid om ouers en voogde te help gedurende die inperkingsperiode. Hierdie eenvoudige stel riglyne is ontwerp om advies en strategieë deur te gee om ouers en voogde te help om hul kinders te ondersteun.



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

2030 NDP

# Riglyn #1

**Versorg jou eie geestesgesondheid en emosionele welstand**



# Wees goed vir jouself

Inperking is moeilik. Ons almal ervaar vrees, spanning en onsekerheid. Die tydperk kan selfs moeiliker wees vir gesinne wat onder finansiële druk verkeer, wat liggaamlike of geestesongesteldheid ervaar, wat 'n blyplek met 'n aggresiewe person deel, wat in 'n klein blyplek woon, of wat baie min hulpbronne het.

## Wat kan ouers/voogde doen?

- Oor die algemeen sal kinders die tydperk hanteer so goed soos wat hulle ouers dit hanteer.
- As jy wil hê jou kinders moet kalm en rustig wees, moet jy probeer om self kalm en rustig te wees.
- Jou kinders, ongeag hulle ouderdom reageer volgens jou optrede en gesindheid, nie net op wat jy sê nie.
- As gevolg hiervan moet jy tyd en 'n veilige en privaat ruimte vind om met ander volwassenes te gesels oor jou eie vrese, bekommernisse en spanning. Jou kinders moet nie hierdie besprekings hoor nie.
- As jy niemand het om mee te praat nie, reik uit na een van die vele beskikbare hulplyne.
- Jy moet probeer om jou eie gemoedstemming en bekommernisse te reguleer om die beste voorbeeld vir jou kinders te stel.
- Jou kinders moet voel dat jy in beheer is en die beste moontlike besluite neem ten bate van hulle welsyn.

## Wie om te skakel vir hulp

| Diensverskaffer | Nasionaal of Provinsiaal | Tipe diens | Kontak besonderhede |
|---|---|---|---|
| Gender Based Violence Command Centre | National | Gender based violence helpline (GBV) | 0800 428 428<br>*120*7867# |
| Gender Based Violence Command Centre | National | GBV helpline for the deaf and disabled community | Helpme GBV<br>SMS 'help' to 31531 |
| South African Depression and Anxiety Group (SADAG) | National | Helpline for mental disorders, anxiety, depression and suicide | 0800 456 789<br>0800 567 567 (suicide hotline) |
| CIPLA 24-hr Mental Health Helpline | National | Helpline for mental disorders, anxiety, depression and suicide | 0800 456 789<br>WhatsApp: 076 88 22 77 5 |
| National Crisis Line | National | National Crisis Line 24 hour telephonic counselling service dealing with all forms of abuse, HIV/AIDS, bereavement, suicide and eating disorders | 0861 322 322 |

| Diensverskaffer | Nasionaal of Provinsiaal | Tipe diens | Kontak besonderhede |
|---|---|---|---|
| South African Police Services | National | Report a crime | 08600 10111 |
| South African Police Services | National | Report a crime | 08600 10111 |
| South African Depression and Anxiety Group (SADAG) – ADHD | National | ADHD Helpline | 0800 55 44 33 |
| Child Welfare South Africa | National | Report child abuse or neglect | 0861 452 4110 |
| Childline South Africa | National | Report child abuse or neglect | 08000 55555 |
| Police Child Protection Units | National | Report child abuse or neglect | 10111<br>childprotect@saps.org.za |
| FAMSA – Family and Marriage Association of South Africa | National | Support & education during stressful times | (011) 975–7106/7<br>national@famsa.org.za |
| People Opposed to Women Abuse (POWA) | Gauteng | Domestic abuse helpline | 011 642 4345/6<br>itumeleng@powa.co.za |
| Food Parcel Service | Eastern Cape | Food packages | 043 707 6300 |
| Food Parcel Service | Free State | Food packages | 051 410 8339 |
| Food Parcel Service | Gauteng | Food packages | 011 241 8324 |
| Food Parcel Service | KwaZulu-Natal | Food packages | 033 846 3400 |
| Food Parcel Service | Limpopo | Food packages | 015 291 7500 |
| Food Parcel Service | Mpumalanga | Food packages | 013 754 9428 |
| Food Parcel Service | Northern Cape | Food packages | 053 802 4900 |
| Food Parcel Service | North West | Food packages | 018 397 3360 |
| Food Parcel Service | Western Cape | Food packages | 021 469 0235 |
| South African Social Security Agency (SASSA) | National | Food Parcel Helpline and Registering for COVID-19 Grants | 0800 601 011<br>grantenquiries@sassa.gov.za |
| Gauteng Government | Gauteng | Food parcel helpline | 0800 428 8364<br>support@gauteng.gov.za |

# Riglyn #2

**Sorg vir jou kinders se geestesgesondheid en emosionele welstand**



# Maak tyd vir jou kinders

As ouers en voogde is dit altyd belangrik om aan jou verhouding met jou kinders te werk. Gedurende spanningsvolle tydperke, is dit uiters belangrik om met jou kinders te praat en na hul gedrag op te let. Dit is 'n tyd van groot verandering en onsekerheid vir almal. Tieners is in 'n stadium in hul lewens wanneer hul vriende en sosiale verbintenisse vir hulle belangrik is. Die inperking en COVID-19 het dit vir hulle baie moeilik gemaak. Tieners is ook kwesbaar vir spanning, angs en depressie gedurende hierdie tyd.

## Wat kan ouers/voogde doen?

1. *Begin deur jou kinders te vra wat hulle van die virus en die inperking weet en hoe hulle oor hierdie gebeure voel.*
   - Wys jou kinders dat jy vir hulle 'n veilige ruimte gee om hul gedagtes openlik en eerlik te deel. Luister aandagtig terwyl hulle praat. Moet nie onderbreek nie, moet hulle nie korrigeer nie, moet nie vir hulle lag of spot nie en moet hulle nie keer om hulle vrese te deel nie.
   - As kinders jou vrae met kort of eenwoord antwoorde beantwoord, vra insiggewende vrae om hulle aan te moedig om meer te praat. Byvoorbeeld: 'Wat bedoel jy daarmee?' of 'Kan jy my meer vertel oor...'
   - Wees geduldig. Baie kinders sal hul ouers 'blameer' en hulle frustrasie, woede, teleurstelling en verveling op hul ouers uithaal.
   - Terwyl jou kinders praat maak aantekeninge van hul wanopvattings oor die situasie en hul emosionele toestande.
2. *Volgende, gee kinders noukeurige, ouderdomsgepaste inligting om wanopvattings reg te stel, angs te verminder en hoop te gee.*
   - Hou die inligting wat jy deel eenvoudig maar akkuraat.
   - Deel hierdie inligting op 'n kalm maar duidelike manier.
   - Moenie beloftes maak wat jy dalk nie kan nakom nie bv, dat jy nie die virus sal kry nie. Jy kan hulle egter die versekering gee dat jy jou bes sal probeer om veilig te bly en jou kinders veilig te hou.
   - Gee jou kinders hoop. Gesels daaroor dat die wetenskaplikes en dokters 'n manier sal vind om die virus te beveg en dat ons lewens uiteindelik weer normaal sal kan aangaan.
   - Beantwoord jou kinders se vrae na die beste van jou vermoë. Erken dit as jy nie die antwoorde het nie. Sê iets soos: 'Dit is 'n baie goeie vraag. Ek weet nie wat die antwoord is nie maar ek sal probeer om uit te vind. '
   - Probeer om enige wanopvattings of wanbegrippe wat jou kinders oor die virus of die inperking mag hê op te klaar.

## Verduidelik die virus en inperking aan jong kinders

- ’n Virus is ’n siekte soos griep of masels.
- Daar is ’n nuwe virus in die wêreld genaamd die Corona-virus.
- Aangesien dit ’n splinternuwe virus is het die dokters en wetenskaplikes tyd nodig om dit te bestudeer, sodat hulle die virus kan keer om mense siek te maak.
- Om die dokters en wetenskaplikes tyd te gee om die virus te bestudeer moet ons almal ’n rukkie tuis bly.
- Sodra die dokters en wetenskaplikes sê dat dit veilig is sal ons geleidelik weer terug skool en werk toe gaan.



## Verduidelik die virus en inperking aan voor-tienerjariges en tienerjariges

*Opmerking: Gebruik jou diskresie om te besluit hoeveel inligting jy met jou kinders moet deel. Jy wil nie hul spanning of angs vererger nie.*

- ’n Virus is ’n siekte soos griep of masels.
- Daar is ’n nuwe virus in die wêreld genaamd die Corona Virus of COVID-19. Dit staan vir: Corona Virussiekte van 2019.
- Die virus versprei tussen mense wat in noue kontak met mekaar is soos wanneer ’n besmette persoon hoes of nies. Dit kan ook versprei word as jy aan ’n besmette oppervlak of voorwerp raak byvoorbeeld, as iemand op ’n tafel nies, en jy raak aan die tafel kan jy die virus aan jouself oordra deur aan jou mond, neus of oë te raak.
- Die virus affekteer mense op verskillende maniere:
  - *Sommige mense het die virus maar hulle voel glad nie siek nie. Ons sê dat hulle asimptomaties is.*
  - *Die meeste mense voel siek vir ’n week of twee. Hulle het gewoonlik koors, pyne in hul liggaam, en kan dalk hoes. Sodra hulle beter is, is alles weer wel.*
  - *’n Klein persentasie mense word baie siek en mag dalk vir ’n rukkie in ’n hospital versorg word.*
- Mense jonger as 18 is minder geneig om simptome te hê of baie siek te word. As hulle siek word, herstel hulle gewoonlik goed.



- Aangesien dit 'n nuwe virus is, het dokters en wetenskaplikes tyd nodig om dit te bestudeer, sodat hulle 'n entstof en behandelings kan ontwikkel.
- Om die dokters en wetenskaplikes tyd te gee om die virus te bestudeer moet ons almal 'n rukkie tuis bly.
- Hierdie inperkingsperiode gee ons regering tyd om ons openbare gesondheidstelsel voor te berei – om hospitaalpersoneel op te lei en om behoorlike stelsels in plek te stel, om genoeg toerusting vir alle hospitale te koop en om soveel as moontlik hospitaalpersoneel in diens te neem.
- Sodra die verspreiding van die virus onder beheer is, en ons hospitale gereed is om baie siek mense te versorg, kan die inperking stadig opgehef word.
- Mense sal stelselmatig terug werk en skool toe gaan – nie almal op een slag nie.
- Baie van ons sal nog getoets moet word en daar sal nog baie reëls wees wat gevolg moet word om te verseker dat die virus onder beheer bly.

3 *Kyk uit vir waarskuwingstekens dat jou kind sukkel om die situasie te hanteer. (Sommige van hierdie waarskuwingstekens sal meer by tieners opgemerk word.)*
   - Hartseer voel of huil as daar geen duidelike rede daarvoor is nie.
   - Woede en frustrasie as daar geen duidelike rede daarvoor is nie.
   - As hulle nie wil deel neem aan aktiwiteite wat hulle gewoonlik tuis sou geniet nie.
   - Verlies aan belangstelling om tyd saam met familie of vriende deur te bring via sosiale media.
   - Stry of baklei met familie of vriende op sosiale media.
   - Moegheid en energieverlies.
   - Slaap te veel of sukkel om te slaap.
   - Verandering in eetlus.
   - Woedeuitbarstings, ontwrigtende of riskante gedrag.
   - Selfbeskadiging (bv. Sny, verbrand of hulself anders beseer).

## Hantering van kinders en tieners wat die inperking nie goed hanteer nie

- Praat met jou kinders oor aggressiewe of negatiewe gedrag wat jy sal wil hê hulle moet verander. Gee hulle duidelike riglyne hoe hulle hulle gedrag kan verander.
- Sodra hulle gedrag ten goede verander het gee hulle positiewe terugvoer oor wat jy sien. (bv. Ek het dit baie waardeer dat jy kalm en rustig met my gepraat het).
- Gee jou kinders baie liefde. Sê vir hulle dat jy vir hulle lief is. Luister na hulle as hulle met jou praat. As julle gedurende die inperking bymekaar is gee vir hulle drukkies en wys fisieke toenadering.
- Gee jou kinders hoop – praat oor die lewe na inperking. Gesels oor hoe dit gaan wees om weer hul vriende te sien, om terug te gaan skool toe, om buite te speel en oor hul planne en drome vir die toekoms.
- As die situasie nie verbeter nie, of selfs erger word, reik uit na een van die vele beskikbare hulplyne.

# Riglyn #3

**Pas jou kinders se fisiese gesondheid op**



# *Bly veilig en gesond*

Daar is eenvoudige reëls wat ons almal moet volg om onsself en ons kinders te beskerm teen die virus.

## Wat kan ouers/voogde doen?

*Leer jou kinders om die vyf goue reëls te volg om hulself teen COVID-19 te beskerm. Maak seker dat jy 'n goeie voorbeeld van die gedrag aan jou kinders stel.*

1. Was jou hande met seep en water wanneer jy kan. Vryf jou hande met die seep vir twintig sekondes. Was jou duime, die bo-kant van jou hande en tussen jou vingers.
2. Probeer om nie aan jou gesig te raak nie. Virusse kom in ons liggame in deur ons monde en neuse, daarom moet ons, ons bes probeer om nie aan ons gesigte te raak nie.
3. Nies of hoes in jou elmboog of in 'n sneesdoekie. Gooi die gebruikte sneesdoekie dadelik in 'n asblik.
4. Wanneer jy uitgaan, staan ten minste 1,5 meter weg van ander mense. Moet nie mekaar omhels, hande vashou of aan ander mense raak nie. As jy kan, dra 'n masker as jy uitgaan.
5. As jy siek voel en koors het, lyfpyne het of hoes, moet jy 'n volwassene vertel.

# Riglyn #4

**Vorm 'n daaglikse roetine met jou kinders**



# Roetines laat die lewe veiliger en meer normaal voel

As ouers/voogde moet ons 'n gevoel van veiligheid en normaliteit vir ons kinders skep terwyl hulle wag om terug te keer skool toe. Ons moet ons kinders met hul 'normale lewens' laat aangaan deur hulle aan te moedig om soveel moontlik van hulle gewone aktiwiteite te doen.

## Wat kan ouers/voogde doen?

1. *Werk saam met jou kinders om 'n roetine uit te werk wat vir julle gesin werk.*
   - Neem 'n vel papier en pen en hou 'n bespreking met jou kinders oor roetine.
   - Verduidelik dat roetine die lewe vir almal in die huishouding sal vergemaklik en argumente en konflik verminder.
   - Verduidelik ook dat inperking vir jou as ouer stresvol is en dat jou kinders se samewerking jou geweldig sal ondersteun en help.
   - Gesels oor die soort aktiwiteite wat in 'n daaglikse roetine ingesluit moet word. Moedig jou kinders aan om hierdie aktiwiteite voor te stel. Herinner jou kinders dat hulle na hul 'normale lewens' sal terugkeer en dat hulle nie hul kennis en vaardighede gedurende hierdie tyd moet afskeep nie.
   - Verduidelik dat afhangende van hulle ouderdomme, jou kinders verskillende roetines kan hê.
   - Sorg dat jou kinders se roetines ook vir jou werk. Maak seker dat kinders sommige van die huistake doen en dat maaltye op tye bedien word wat vir almal geskik is.
2. *Werk saam met jou kinders om seker te maak dat hulle hul roetines volg.*
   - Sodra roetienes opgestel is, vra elkeen van jou kinders of hulle hul roetiene aanvaar en of hulle sal probeer om die roetiene te volg.
   - Maak 'n eenvoudige plakaat van elke kind se roetine of laat hulle, hulle eie plakate maak.
   - Vertoon die plakate êrens waar hulle maklik gesien kan word.
   - Vir die eerste paar dae help jou kinders om hulle roetienes te volg deur hulle te herinner om hul aktiwiteite wat op die plakate geskryf is na te gaan. Maak seker dat hulle, hul aktiwiteite voltooi. Dit sal in die begin moeilik wees maar dit sal mettertyd jou lewe vergemaklik.
   - Hou gereelde vergaderings om seker te maak dat jou kinders hul roetines volg.
   - As hulle nie hul roetienes volg nie bespreek die redes hiervoor. Besluit of jy enige klein veranderings aan die roetines moet maak.
   - Moet nie te streng oor die roetines wees nie – moet nie meer druk op jouself plaas nie. Maar daar moet nagevolge wees indien een van die kinders nie die roetine wil volg nie.

## Aktiwiteite om in die daaglikse roetine in te sluit

1. **Slaap.** Kinders moet 9–10 ure slaap per nag kry. Tieners moet 8–9 ure slaap per nag kry.
2. **Was en trek aan.** Moedig kinders aan om elke dag te was en skoon aan te trek.
3. **Etes.** Probeer om gereelde maaltye te skeduleer. As dit moontlik is, probeer om 3 maaltye per dag en 1–2 gesonde versnaperings te voorsien. Probeer om 'n gesinsgesprek by een van die daaglikse maaltye te hê.
4. **Huistake.** Probeer om 1–3 ure per dag vir jou kinders se huistake te skeduleer, afhangend van hul ouderdom en wat in jul huishouding gedoen moet word. Huistake moet goed insluit soos bed opmaak, skottelgoed was, vee, ens. Vermy om huistake aan jou kinders te gee wat sal vereis dat hulle die huis moet verlaat, behalwe as dit is om in die tuin te werk.
5. **Oefening.** Dit is baie belangrik dat kinders elke dag moet oefen. Oefening laat almal beter voel. Dink aan oefeninge en aktiwiteite wat in julle inperkings-ruimte gedoen kan word. Dit kan eenvoudige aktiwiteite wees soos om op die plek te hardloop, tou te spring of dans.
6. **Studeer.** Skeduleer ongeveer 1,5 ure studietyd per dag vir jong kinders tot en met Graad 3. Skeduleer ongeveer 2,5 ure per dag vir Graad 4–6 kinders en 3–4 ure per dag vir Graad 7–12 leerders.
7. **Lees.** Probeer om jou kinders aan te moedig om gedurende hierdie tyd te lees. Probeer om leesmateriaal vir jou kinders aan te skaf. Skeduleer 1–2 ure per dag vir lees.
8. **Vrye tyd.** Skeduleer al die oorblywende tyd van die dag as vrye tyd. Laat jou kinders toe om hierdie tyd te spandeer soos hulle wil. Hulle sal hierdie tyd waardeer en geniet.

## Roetine voorbeeld vir Grade 4–6 kinders

| | |
|---|---|
| 08h00 | Staan op, was en trek aan |
| 08h30 | Ontbyt |
| 09h00 | Oggend huistake |
| 10h00 | Versnappering en vrye tyd |
| 10h30 | Studietyd |
| 12h30 | Vrye tyd |
| 13h00 | Middagete |
| 14h00 | Vrye tyd of rus |
| 15h00 | Oefening |
| 15h30 | Lees |
| 16h30 | Middag huistake |
| 17h30 | Vrye tyd |
| 18h30 | Aandete en opruim |
| 19h30 | Bad en trek nagklere aan |
| 20h00 | Vrye tyd |
| 21h30 | Slaaptyd |

# Riglyn #5

**Wat om te doen tydens 'Studietyd'**



# *Studietyd moet betekenisvol en redelik wees*

Die Departement van Basiese Onderwys (DBE) verwag nie dat ouers/voogde tydens inperking onderwysers sal wees nie. Ons verwag ook nie dat kinders hulself die kurrikulum moet leer nie. Wees verseker dat sodra jou kinders terugkeer skool toe sal 'n 'herstelplan' ingestel word om seker te maak dat jou kinders alles sal leer wat hulle veronderstel is om te leer. Ons wil egter hê dat ouers/voogde moet toesien dat betekenisvolle leer gedurende die inperking sal plaasvind.

Dit is baie belangrik dat alle kinders 'verbonde' bly aan die skoollewe. Dit beteken nie dat hulle kontak met die skool hoef te hê nie. Inteendeel, beteken dit dat hulle nie moet vergeet wat hulle reeds geleer het nie en dat hulle nie moet vergeet hoe om te luister, lees, leer en take te voltooi nie. Hulle moet gereeld aktiwiteite doen soos hersiening en memorisering van werk wat hulle reeds geleer het; tekste lees met begrip, geskrewe take voltooi; en wiskundige en wetenskaplike berekeninge oefen. Die take sal jou kinders voorberei vir wanneer hulle terugkeer skool toe. Hulle sal meesters wees van wat hulle reeds geleer het en hulle sal gewoond wees aan die prosesse van leer. Hulle sal toegerus wees vir die harde werk en die vinniger tempo wat hulle in die gesig staar wanneer hulle terugkeer skool toe.

## Wat kan ouers/voogde doen?

1. *Maak 'n geskikte ruimte vir jou kinders om hul werk te doen en help hulle om hul hulpbronne te organiseer.*
   - Berei 'n geskikte werksruimte voor waar jou kinders kan leer. Dit kan 'n spasie by die kombuis – of eetkamertafel wees, of dit kan selfs 'n spasie op die vloer wees. Moedig jou kinders aan om in dieselfde ruimte elke dag te werk as deel van hulle roetiene.
   - Moedig jou kinders aan om al hul skoolboeke uit te haal en om seker te maak dat hulle behoorlik georganiseerd is.
   - Versamel al die skryfbehoeftes in die huis en in die kinders se skooltasse. Verseker dat hulle penne, potlode en enige ander toerusting wat hulle sal benodig, het.
   - Versamel enige leesbronne wat in die huis beskikbaar is. Dit sluit handboeke, DBE-werkboeke, leesboeke, tydskrifte of pamflette, romans, koerante, die Bybel, ens. in.
2. *Maak gebruik van enige programme wat deur die skool aangebied word.*
   - As jou kinders skole bywoon wat die nodige hulpbronne het om met ouers te kommunikeer en 'n leerprogram tydens inperking aanbied, moet jy daarvan gebruik maak.
   - Ondersteun jou kinders so veel as moontlik om die leerprogram te voltooi.
3. *Gaan deur die lyste van voorgestelde 'Leeraktiwiteite' wat volg en voeg dit by jou kinders se daaglikse roetines.*
   - 'n Lys van ouderdomsgepaste aktiwiteite word hieronder ingesluit vir elke fase van leer.
   - Hierdie aktiwiteite kan sonder ekstra hulpbronne of toegang tot 'n rekenaar of die internet voltooi word.
   - Al die aktiwiteite is die moeite werd en sal jou kinders in kontak hou met skool en leer.

## Aktiwiteite vir Graad R–3 Leerders

*Opmerking: Jong kinders het meer hulp met die leeraktiwiteite nodig maar ouer broers of susters sal kan help.*

1. *Tel*
   - Maak klippies, boontjies of pasta bymekaar om as tellers te gebruik.
   - Wys vir jou kinders hoe om tellers te gebruik om te tel.
   - As jy tyd het, leer jou kinders om verder te tel as wat hy/sy reeds kan.
   - Wys jou kinders hoe om die tellers te gebruik om in 2s, 3s, 4s, 5e en 10e te tel.
   - Wys jou kinders hoe om tellers te gebruik om terug te tel.
2. *Optelling en Aftrekking*
   - Gebruik tellers om jou kinders te help om optel en aftrek te oefen. In Graad 1 en 2 moet hulle optelling en aftreking tot by 10 oefen. In Graad 3 moet hulle optelling en aftrekking tot by 20 oefen.
3. *Speel winkel*
   - Sit pryse op sekere items in die huis, bv blikkies kos, meubels of klere.
   - Maak speelgeld van papier en skryf geldwaardes van note en muntestukke op die stukkies papier.
   - Maak beurte met jou kinders om die winkelier of die klient te wees.
   - Let op na jou kinders se berekeninge om seker te maak dat hulle verstaan hoe om geld te gebruik.



4 *Klanke*
- Vou en skeur 'n vel papier op in klein vierkante.
- Skryf 'n letter van die alfabet op elke vierkant.
- Sprei die vierkante uit. Wys na verskillende klanke en vra jou kinders om die klank te sê.
- Vra jou kinders om verskillende woorde te bou met die letters. Soos wat hulle die verskillende klanke saamvoeg moet hulle die klanke uitspreek en dan die woord lees.
- Vra jou kinders om die woorde neer te skryf. As jy nie papier het nie, gebruik een van jou kinders se skoolboeke.

5 *Lees*
- Vra jou kinders om hulle lees te oefen deur hulle leesboek of hulle DBE boek te gebruik.
- Begin by die eerste bladsy van die boek lees.
- As jou kinders 'n woord nie kan lees nie, help hulle om die woord te klank.
- Sodra jou kinders die storie gelees het, vra hulle om jou te vertel waaroor die storie gegaan het.

6 *Skryfwerk*
- Indien jy nie papier het nie gebruik een van jou kinders se skoolboeke.
- Gee jou kinders 'n onderwerp waaroor hulle 'n prentjie moet teken en skryf. Bv: My beste maat, jou gunsteling speletjie, jou familie.
- Vertel jou kinders dat hulle eers moet dink oor wat hulle wil teken of waaroor hulle wil skryf.
- Volgende, vertel hulle om eers 'n prentje van hulle storie te teken.
- Dan, vir Graad R of Graad 1, vra hulle om die name van 1 of 2 items in die prentjie neer te skryf.
- Met Graad 2 of 3 kinders, vra hulle om 1 of 2 sinne oor die die prentjie te skryf. Help hulle om die sinne te begin, indien nodig.
- Sodra hulle klaar geskryf het vra hulle om jou te vertel wat hulle geskryf het. Vra vrae en gee terugvoering.

## Aktiwiteite vir Graad 4–9 Leerders

1 *Vermeenigvuldigingstafels (Grade 4–6)*
- Vertel jou kinders om die verskillende vermeenigvuldingstafels te leer totdat hulle dit goed ken.

2 *Hoofrekening*
- Vra jou kinders mondelinge wiskunde vrae en kyk of hulle korrek en vinnig kan antwoord.
- Die vrae kan optelling, aftrekking, vermenigvuldiging of deling vrae wees, of selfs 'n kombinasie van bewerkings. Begin met eenvoudige vrae en vra dan moeiliker vrae. Gebruik 'n sakrekenaar op jou selfoon om seker te maak dat jou kinders se antwoord korrek is!

3 *Wiskunde Hersiening en Bewerkings*
- Gaan na die begin van jou kinders se Wiskunde of DBE-werkboek.



- Jou kinders moet deur 1 of 2 aktiwiteite per dag werk om seker te maak dat hulle die bewerkings nogsteeds kan doen.
- Probeer om jou kinders ander voorbeelde te gee om te voltooi, soos die aktiwiteite in die handboek of werkboek.

4 *Lees en Opsomming*

- Jou kinders moet uit hul Huistaal – en EAT-handboek of DBE-taalwerkboeke (tot Graad 6) lees oefen.
- Begin by die eerste bladsy van die boeke.
- Jou kinders moet die teks hardop lees totdat hulle dit vlot, korrek en met uitdrukking kan lees. Dan moet hulle die teks hardop vir jou lees.
- As daar vrae oor die teks is, moet jou kinders die vrae skriftelik beantwoord. As daar nie papier is nie, gebruik een van jou kinders se skooloefeningboeke.
- Skryf die begin van sinne op papier en vertel vir jou kinders om soveel sinne as moontlik in hulle skryfboek te voltooi. Doen dit vir elke teks wat jou kinders lees.
  - *Hierdie teks handel oor...*
  - *Die hoofkarakter is... (indien van toepassing)*
  - *Ek het daarvan gehou/nie daarvan gehou nie, want...*
  - *Ek het geleer dat...*
  - *Dit laat my dink aan....*
  - *Ek dink .... het die regte ding gedoen/verkeerde ding gedoen, want....*
  - *As ek... (die naam van die karakter) was, sou ek... (indien van toepassing)*

5 *Hersiening van ander vakke*
- Jou kinders moet hulle handboeke en oefenboeke vir elke vak bymekaar maak.
- Hulle moet elke dag 'n ander vak hersien.
- Hulle moet vanaf die begin van die handboek of die oefenboek begin en alle aantekeninge deurlees en hersien. Dan moet hulle probeer om al die aktiwiteite te voltooi, selfs dié wat hulle in kwartaal 1 voltooi het.
- Jou kinders moet seker maak dat hulle alles wat hulle lees en doen, verstaan. As hulle nie verstaan nie, moet hulle dit met jou, 'n ouer broer or suster, of 'n klasmaat wat hulle dalk kan help, bespreek.
- Jou kinders moet soveel inligting as moontlik memoriseer ter voorbereiding vir hulle terugkeer skool toe.
- As jou kinders van die eerste kwartaal se ou vraestelle het, moet hulle weer probeer om die toetsvraestel deur te werk en die antwoorde op vrae in die oefenboek te skryf.

## Aktiwiteite vir Graad 10–12 Leerders

1. Herinner jou kinders daaraan dat hulle voor die inperking reeds byna 'n derde van die jaar se werk voltooi het.
2. Verduidelik dat as hulle al hierdie werk hersien, verstaan, memoriseer en al die berekeninge vir Wiskunde, Wiskunde Geletterheid en Wetenskappe oefen, sal hulle een derde van die jaar se werk bemeester het.
3. Moedig jou kinders aan om Wiskunde of Wiskunde Geletterdheid te hersien en elke dag te oefen. As daar iets is wat hulle nie verstaan nie, moet hulle kyk of jy of 'n ouer broer of suster kan help. Alternatiewelik moet hulle 'n vriend, familielid of buurman skakel wat moontlik kan help.
4. Moedig jou kinders aan om elke dag huistaal en EAT (eerste addisionele taal) te hersien en te oefen. Dit moet soveel as moontlik lees insluit, want daar word van Graad 10–12 verwag om elke jaar voorgeskrewe literatuur te lees. Jou kinders moet kopieë van hierdie tekste hê, of dit nou gedigte, kortverhale, romans of dramas is.
5. Vra jou kinders om elke dag ekstra hersiening en memorisering van 'n ander vak te doen. Hulle moet die handboek en enige aantekeninge in hul oefenboeke deurlees. Hulle moet enige vrae of aktiwiteite deurlees en probeer om dit onafhanklik te voltooi. Hulle moet ook opsommings van alle inligting maak en moet hierdie opsommings memoriseer.
6. Vir Graad 10–12 is dit baie belangrik om toegang tot voortdurende onderrig van sleutelvakke te verkry. Begin deur die TV – en radio-skedules wat voorsien word na te gaan. Kyk of daar enige programme is wat op jou kinders van toepassing is en moedig hulle aan om na hierdie programme te kyk of te luister.
7. Monitor jou kinders om seker te maak dat hulle elke dag 3–4 ure leerwerk voltooi.
8. In die VOO-fase is dit belangrik vir leerders om op datum te bly om die konsepte en vaardighede wat geleer is te verstaan en hulle gereeld te oefen.
9. Gesels met jou kinders oor hulle werk. Vind uit waarmee hulle gemaklik voel, en waaroor hulle bekommerd is.

**10** Probeer om hulp te verkry van 'n ouer broer of suster, buurman of vriend indien nodig. Maar moet nie die reëls van inperking oortree nie.
***Opmerking:*** *As jy toegang tot 'n slimfoon, tablet of rekenaar in julle huishouding het, probeer om te reël dat jou kinders toegang het tot enige aanlynbronne wat nuttig lyk. Sommige van hierdie hulpbronne is 'nul-gegradeer', wat beteken dat hulle geen data benodig nie. Dit word so aangeteken op die lys van aanlynbronne wat voorsien word.*



# Riglyn #6

**Effektiewe gebruik van tegnologie**



# Leer behoort altyd aktief plaas te vind

Dit moet nie aanvaar word dat kinders noodwendig leer wanneer hulle na 'n opvoedkundige program kyk nie – hulle kan maklik dagdroom! Dit is belangrik om kinders te help om tegnologie effektief te gebruik vir leerdoeleindes.

## Wat kan ouers doen?

1. *Maak gebruik van TV, Radio of Aanlyn Leerprogramme waartoe toegang verkry kan word.*
   - 'n Lys met leerprogramme en bronne word by hierdie gids aangeheg,
   - Gaan hierdie lys noukeurig deur vir programme of hulpbronne wat kinders kan bevoordeel.
   - Moedig veral Graad 10–12 kinders aan om na TV-programme wat Wiskunde-, Wetenskap – of Taalvaardighede en konsepte onderrig te kyk.
   - Soek ook na enige digitale leesbronne wat op 'n slimfoon, tablet of rekenaar afgelaai kan word vir jou kinders om te lees. Let daarop dat webwerwe met 'nul-gradering' gratis is; geen data word benodig om toegang tot hierdie webwerwe te bekom nie.
2. *Help kinders om toepaslike programme te kies en dit in hul roetines in te bou.*
   - Kyk saam deur programgidse om relevante programme te identifiseer.
   - Doen dit vooraf – kyk deur die programrooster aan die begin van die week.
   - Bou hierdie aktiwiteite in kinders se roetines as deel van hulle 'studietyd'.
   - Maak seker dat daar balans in kinders se leeraktiwiteite is – hulle moet nie al hulle tyd op TV kyk of slimfoon gebruik bestee nie.
3. *Sorg dat kinders vir televisie of radio leer voorbereid is.*
   - Maak seker dat kinders die regte handboeke en/of oefenboeke het voor die aanvang van die program.
   - Hulle moet ook 'n pen, potlood, liniaal en enige ander skryfbehoeftes hê wat nodig mag wees.
   - Dit is 'n goeie idee om 'n woordeboek byderhand te hou, veral vir ouer kinders.
   - Help kinders om die les wat hulle gaan doen, in konteks te plaas, deur die les onderwerp in die handboek te vind en die vorige les te hersien.
4. *Monitor kinders tydens die program.*
   - Hou 'n oog op kinders terwyl hulle na die program kyk of luister.
   - Moedig hulle aan om notas te maak gedurende die program sodat hulle herinner kan word wat hulle geleer het. Hulle moet ook enige vrae wat hulle het neerskryf.
5. *Hou 'n kort bespreking oor wat geleer is.*
   - Aan die einde van die program, maak seker dat kinders notas gemaak het.
   - Voer daarna 'n kort bespreking oor die program. Jy kan vrae vra soos:
     - *Was die program interessant? Waarom of waarom nie?*
     - *Wat het jy daaruit geleer?*
     - *Is daar iets wat jy nie verstaan het nie, of waaaroor jy nie seker is nie?*
     - *Het jy enige ander vrae oor hierdie onderwerp?*
     - *Het jy dit in jou handboek gelees?*

**6** *Beplan enige opvolgsessies wat benodig word.*

- As iets onduidelik of verwarrend was, kan jy probeer om kinders verder te help deur:
  - ’n Ander les oor die onderwerp te soek en dit in hulle roetine in te skeduleer
  - Saam met jou kind deur die lesinhoud te gaan.
  - ’n Ouer broer of suster, ’n vriend of familielid te vra vir hulp.

# OPVOEDKUNDIGE HULPBRONNE

COVID 19



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

2030 NDP

## TV Program Skedule

| Tydgleuf | Graad | Leerarea | Dag | Kanaal |
|---|---|---|---|---|
| 00:00 – 04:00 | 12 | Grade 12 Revision | Mon – Sun | DSTV 139 0r OVHD 134 |
| 00:00 – 06:00 | 12 | Grade 12 Revision | Mon – Sun | OVDH 122 |
| 05:00 – 06:00 | 10 – 12 | Maths | Mon | SABC 1 |
| 05:00 – 06:00 | 10 – 12 | Physical Sciences | Tue | SABC 1 |
| 05:00 – 06:00 | 10 – 12 | English FAL | Wed | SABC 1 |
| 05:00 – 06:00 | 10 – 12 | Accounting | Fri | SABC 1 |
| 05:00 – 06:00 | 1 – 3 | Literacy | Sat – Sun | DSTV 139 0r OVHD 134 |
| 05:00 – 06:00 | 10 – 12 | Life Sciences | Thur | SABC 1 |
| 06:00 – 07:00 | 10 – 11 | English FAL, Maths, Physical Sciences | Mon – Fri | SABC 3 |
| 06:00 – 21:00 | 1 – 9 | | Mon – Sun | DSTV 317 |
| 09:30 – 10:00 | 10 – 12 | Home Languages | Mon – Fri | SABC 2 |
| 10:00 – 11:00 | 12 | Geography, Life Sciences, Accounting, Mathematics, Physical Sciences | Mon – Fri | SABC 2 |
| 11:00 – 23:00 | 10 – 12 | All | Mon – Sun | DSTV 139 0r OVHD 134 |

## Radio Program Skedule

| Tydgleuf | Graad | Dag | Radiokanaal | Frekwensie | Provinsie 2 |
|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 – 09:30 | 10 – 12 | Mon – Fri | Ukhozi FM | 91.5 | KZN, Gauteng |
| 10:00 – 11:00 | 10 – 12 | Mon – Fri | KZN Community Radio Stations | | KZN |
| 10:15 – 10:45 | 10 – 12 | Mon – Thur | UWFM | 93.2 | EC |
| 10:30 – 11:30 | 10 – 12 | Mon – Thur | Radio 2000 | 97.2 & 100 FM | Gauteng |
| 10:50 – 11:50 | 10 – 12 | Mon – Fri | Gagasi FM | 99.5 | KZN |
| 11:00 – 18:00 | 10 – 12 | Mon – Fri | CAPS Radio | https://capsradio.co.za/ | Online |
| 11:20 – 12:20 | 10 – 12 | Mon – Fri | Vuma FM | 103 | KZN |
| 13:00 – 14:00 | 10 – 12 | Mon – Fri | East Coast Radio FM | 94.00 – 95.90 | KZN |
| 13:05 – 14:05 | 10 – 12 | Mon – Fri | Radio Pulpit AM | 657 AM | Gauteng, Mpumalanga, KZN |
| 14:30 – 15:00 | 10 – 12 | Mon – Thu | Ikwezikwezi FM | 94.5 to 106.3 | Mpumalanga, Limpopo, Gauteng |
| 15:00 – 16:00 | 10 – 12 | Mon – Fri | Tut FM | 96.2 | Gauteng |
| 15:30 – 16:30 | 10 – 12 | Mon – Fri | Lotus FM | 87.7 - 106.8 | KZN |
| 17:30 – 18:00 | 4 to 6 | Mon – Thu | Thobela FM | 87.6 – 92.1 | Gauteng |

| Tydgleuf | Graad | Dag | Radiokanaal | Frekwensie | Provinsie 2 |
|---|---|---|---|---|---|
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Mon – Thu | Ligwalagwala FM | 87.7, 92.5 to 104 | Mpumalanga, Gauteng, NW, Limpopo, Free State |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Kangala FM | 92.8 FM | West Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | kanyamazane FM | 107.3 FM | East Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | RFM | 103.2 FM | East Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Barberton FM | 104.1 FM | East Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Bushbuckridge FM | 88.4 FM | East Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Emalahleni FM | 98.7 FM | West Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Eyethu FM | 104.3 FM | West Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Greater Middelburg FM | 89.2 FM | West Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Ligwa FM | 101.3 FM | South Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Mash FM | 91.7 FM | East Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Mkhondo FM | 98.9 FM | East Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Moutse FM | 96.3 FM | South Limpopo |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Nkomazi FM | 100.2 FM | East Mpumalanga |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Voh FM | 905.5 FM | Mpumalanga, Limpopo |
| 17:30 – 18:00 | 10 – 12 | Tue – Wed | Voice of the community | 102.9 FM | South Mpumalanga |
| 18:00 – 00:00 | 12 | Mon – Fri | CAPS Radio | https://capsradio.o.za/ | Online |
| 19:30 – 20:00 | 10 – 12 | Mon – Thu | Motsweding FM | 89.6 | Gauteng, NW, Free State |

## Skakel na Uitsaaiskedule

| Kanaal | Skakel |
|---|---|
| SABC 1 | http://www.sabceducation.co.za/gelezanathi/schedule/ |
| SABC 2 | https://mydorpie.com/tv-guide/TV-Guide-South-Africa-SABC-etv-OpenViewHD-DSTV |
| SABC 3 | https://mydorpie.com/tv-guide/TV-Guide-South-Africa-SABC-etv-OpenViewHD-DSTV |
| DSTV | https://guide.dstv.com/channels |
| OVHD | https://kfmulaudzi.files.wordpress.com/2020/03/epg_layout.pdf<br>https://www.openview.co.za/tv-guide<br>https://www.openview.co.za/tv-guide |

## Nul Gegradeerde Webtuistes en Portale

| Graad | Naam | Skakel | Hulpbron Tipe (Webwerf, E-leer, Hulplyne ens) | Nul Gegradeerde Webtuistes |
|---|---|---|---|---|
| R – 9 | DBE Workbooks | https://www.education.gov.za/Curriculum/LearningandTeachingSupportMaterials(LTSM)/Workbooks.aspx | Website | Vodacom/MTN / Telkom/Cell C |
| R – 12 | Khan Academy | https://www.khanacademy.org/ | Website | MTN/Telkom |
| 10 – 12 | Self-Study Guides | https://www.education.gov.za/SelfStudyGuidesGrade10-12.aspx | Website | Vodacom/MTN/ Telkom/Cell C |
| 10 – 12 | Tech Teachers | https://www.techteachers.co.za/ | Website | MTN |
| 7 – 12 | Olico ( Maths) | https://olico.org/ | Website | MTN |
| 7 – 9 | MST Workbooks | http://www.mstworkbooks.co.za/index.html | Website | Vodacom/ Telkom |
| 4 – 12 | Siyavula Textbooks | https://www.siyavula.com/ | Website | Vodacom/MTN/ Telkom |
| 4 – 6 | Thunderbolt Kids | http://www.thunderboltkids.co.za/ | Website | Vodacom |
| 4 – 6 | South African Stories | https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Publications/Storytime%20Intermediate%20Phase%202015.pdf?ver=2015-03-19-125050-580 | Website | Vodacom |
| 3 – 12 | Ecexams | https://www.ecexams.co.za/ExaminationPapers.htm | Website | MTN |
| 1 – 12 | Vodacom e-school | https://vodacom.mytopdog.co.za/ | Website | Vodacom/MTN |
| 1 – 12 | Mindset | https://learn.mindset.africa// | Website | Vodacom/MTN/ Telkom |
| 1 – 12 | Ecurriculum | https://www.eccurriculum.co.za/ | Website | MTN |
| 1 – 12 | Extra Marks | http://www.extramarks.co.za/ | Website and App | MTN |
| 1 – 9 | African Storybook | https://www.africanstorybook.org/ | Website | Vodacom/MTN/ Telkom |
| 1 – 3 | Big Books | https://www.education.gov.za/Curriculum/LearningandTeachingSupportMaterials(LTSM)/IIALResources.aspx | Website | Vodacom/MTN/ Telkom/Cell C |
| 1 – 3 | Big books | https://www.education.gov.za/Curriculum/LearningandTeachingSupportMaterials(LTSM)/GradedReadersandBigBookHL.aspx | Website | Vodacom |
| 12 | Mind the Gap Study Guides | https://www.education.gov.za/Curriculum/LearningandTeachingSupportMaterials(LTSM)/MindtheGapStudyGuides.aspx | Website | Vodacom/MTN/ Telkom/Cell C |
| 12 | FET Revision Booklets | https://www.education.gov.za/Programmes/SecondChanceProgramme/RevisionBookletsFET.aspx | Website | Vodacom/MTN/ Telkom/Cell C |
| 12 | Second Chance Matric | https://www.education.gov.za/secondchance/Home.aspx | Website | Vodacom/MTN/ Telkom/Cell C |

| Graad | Naam | Skakel | Hulpbron Tipe (Webwerf, E-leer, Hulplyne ens) | Nul Gegradeerde Webtuistes |
|---|---|---|---|---|
| 12 | Second Chance Matric | https://www.education.gov.za/Programmes/SecondChanceProgramme/RadioLessons.aspx | Radio Lessons | Vodacom/MTN/Telkom/Cell C |
| 12 | Video Tutorials | https://www.education.gov.za/Informationfor/Learners/VideoTutorials.aspx | Video Lessons | Vodacom/MTN/Telkom/Cell C |
| 1-12 | School in a Box | https://schoolinabox.co.za/ | Interactive site and lessons | Telkom |
| ALL | WCED ePortal | https://wcedeportal.co.za/ | Website | Vodacom/MTN/Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/IS |
| ALL | Cape Teaching & Leadership Institute | https://wcedctli.co.za/ | Website | Telkom/ Cell C/MWEB/RAIN/IS |
| ALL | Western Cape Education Department | https://wcedonline.westerncape.gov.za/ | Website | Vodacom/MTN/Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/VOX/IS |
| ALL | WCED eLearning | https://wcedelearn.westerncape.gov.za/ | Website | Cell C/Telkom/MWEB/RAIN/VOX/IS |
| ALL | WCED COVID-19 Teacher Support | https://wcedeteacher.wixsite.com/covid19 | Website | Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/IS |
| ALL | WCED Innovation Hub | https://wcedeteacher.wixsite.com/hubs | Website | Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/IS |
| ALL | WCED Demystify Coding in Education | https://wcedeteacher.wixsite.com/coding | Website | Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/IS |
| ALL | WCED Remote Teaching and Learning FOR TEACHERS | https://wcedeteacher.wixsite.com/eteacher | Website | Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/IS |
| ALL | WCED ICT Adoption Strategy | https://wcedeteacher.wixsite.com/adoption-online | Website | Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/IS |
| ALL | Limina | https://courses.limina.co.za | Website | Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/VOX/IS |
| 10-12 | Telematic Schools Project | https://schools.sun.ac.za/login/index.php | Website | Vodacom/Telkom/Cell C/MWEB/RAIN/VOX/IS |

## Podsend

| Graad | Leerareas | Inhoud | Skakel | Tydsduur | Kanaal/ Webtuiste |
|---|---|---|---|---|---|
| All | All | Paid podcasts for all grades and subjects | https://viaafrika.com/podcast/ | N/A | Via Afrika |
| 8 – 9 | Mathematics | Euclidean Geometry | https://soundcloud.com/caps-radio-344950611/dbe-kzn-grade-8-and-9-euclidean-geometry-basic-concepts | N/A | Soundcloud |
| 7 – 12 | Afrikaans | Improve your Afrikaans speaking, grammar, vocabulary & writing | https://www.radio-south-africa.co.za/podcasts/learn-afrikaans-afrikaanspod101com | 1 hr | Radio South Africa |
| 7 – 12 | Afrikaans | Improve your Afrikaans speaking, grammar, vocabulary & writing | https://www.radio-south-africa.co.za/podcasts/learn-afrikaans-afrikaanspod101com | 1 | Radio South Africa |
| 10 – 12 | Geography | N/A | http://www.yfm.co.za/2020/04/02/grade-12-lessonswithy-geography-history-life-science/ | 1 hr | YFM |
| 10 – 12 | History | N/A | http://www.yfm.co.za/2020/04/02/grade-12-lessonswithy-geography-history-life-science/ | 1 hr | YFM |
| 10 – 12 | Life Science | N/A | http://www.yfm.co.za/2020/04/02/grade-12-lessonswithy-geography-history-life-science/ | 1 hr | YFM |
| 10 – 12 | Questions | N/A | http://www.yfm.co.za/2020/04/02/grade-12-lessonswithy-geography-history-life-science/ | 1 hr | YFM |
| 12 | Accounting | Financial Statements | https://www.ecr.co.za/e-learning-doe/accounting/ | 1 hr | East Coast Radio |
| 12 | Accounting | Module 1 | http://www.702.co.za/articles/379966/gauteng-matric-revision-2020-tourism | 1 hr | 702 |
| 12 | All | Video tutorials on variety of topics and subjects | https://www.education.gov.za/Informationfor/Learners/VideoTutorials.aspx | N/A | DBE |
| 12 | All | Audio Tutorials | https://www.education.gov.za/Programmes/SecondChance Programme/RadioLessons.aspx | N/A | DBE |
| 12 | All | Podcasts on subject specific topics for all grades | https://soundcloud.com/user-331760652 | 1 hr | Soundcloud |
| 12 | All | Podcasts on subject specific topics for all grades | https://capsradio.co.za/podcasts-2/ | 1 hr | CAPS Radio |
| 12 | Business Studies | Module 1 | http://www.702.co.za/articles/379967/gauteng-matric-revision-2020-business-studies-module-1 | 1 hr | 702 |
| 12 | Economics | Module 1 | http://www.702.co.za/articles/379965/gauteng-matric-revision-economics-module-1 | 1 hr | 702 |

| Graad | Leerareas | Inhoud | Skakel | Tydsduur | Kanaal/ Webtuiste |
|---|---|---|---|---|---|
| 12 | English | Revison Exam Paper | https://www.ecr.co.za/e-learning-doe/english-doe/ | 1 hr | East Coast Radio |
| 12 | English FAL | Paper 1 & 3 | https://iono.fm/e/845057 | 1 hr | Motsweding FM |
| 12 | English FAL | Module 1 | http://www.702.co.za/podcasts/379/gauteng-matric-revision-2020/304895/english-home-language-module-1 | 1 hr | 702 |
| 12 | English SAL | Module 1 | http://www.702.co.za/podcasts/379/gauteng-matric-revision-2020/304897/english-additional-language-module-1 | 1 hr | 702 |
| 12 | Geography | Mid-latitude cyclones | https://www.ecr.co.za/e-learning-doe/geography-doe/ | 1 hr | East Coast Radio |
| 12 | Geography | Paper 1 | https://iono.fm/c/3855 | 1 hr | Motsweding FM |
| 12 | History | Essay – USA 1950 – 1970 | https://www.ecr.co.za/e-learning-doe/history-doe/ | 1 hr | East Coast Radio |
| 12 | Mathematics | Trigonometry | https://iono.fm/c/3855 | 30 min | Motsweding FM |
| 12 | Maths | Euclidean Geometry | https://www.ecr.co.za/e-learning-doe/pure-mathematics-doe/ | 1 hr | East Coast Radio |
| 12 | Maths Literacy | Data handling and probability | https://www.ecr.co.za/e-learning-doe/maths-literacy-doe/ | 1 hr | East Coast Radio |
| 12 | Maths Literacy | N/A | https://iono.fm/e/845080?fbclid=IwAR2ijC9CArmM42QaLp0X96GU-IZFeTib59it5klZcEwKcm8eLEn7bFf0dhs | 1 hr | Motsweding FM |
| 12 | Tourism | Module 1 | http://www.702.co.za/podcasts/379/gauteng-matric-revision-2020/305251/tourism-module-1 | 1 hr | 702 |
| 10 | Accounting | N/A | https://iono.fm/e/845067 | 30 min | Motsweding FM |

## E-leer-, Aanlyn Video- en Audio-Tutoriale

| Graad | Leerarea | Inhoud | Skakel | Tydsduur | Kanaal/ Webtuiste |
|---|---|---|---|---|---|
| All | All | Online Lessons Everyday | https://www.facebook.com/AfricaTeenGeeks/posts/2865287876882195?__n__=K-R | N/A | African Teen Geeks Facebook |
| All | All | Videos on all subjects and topics for all grades | https://www.facebook.com/AfricaTeenGeeks/videos/ | N/A | African Teen Geeks Facebook |
| All | All | E-classroom – video tutorials, mock exams & CAPS support content | https://e-classroom.co.za/ | N/A | E-classroom |
| All | All | Vodacome E-school – guided content, tasks & tests | https://vodacom-cleverly.vodacom.mytopdog.co.za/ | N/A | Vodacome E-school |

| Graad | Leerarea | Inhoud | Skakel | Tydsduur | Kanaal/ Webtuiste |
|---|---|---|---|---|---|
| 7 – 9 | Mathematics, English & Matural Sciences | Online Lessons, worksheets & memos. New content uploaded everyday. | https://www.worksheetcloud.com/live/classrooms/ | N/A | Worksheet Cloud |
| 4 – 6 | Mathematics, English & Matural Sciences | Online Lessons, worksheets & memos. New content uploaded everyday. | https://www.worksheetcloud.com/live/classrooms/ | N/A | Worksheet Cloud |
| 10 – 12 | All | E-school – digital classroom with lessons, asignments & games | https://seva.co.za/app.html#/dashboard/guest | N/A | Seva |
| 10 – 12 | Mathematics | Video lessons on limits, average gradient and derivitives | https://www.isasa.org/mathematics-lessons-calculus/ | 1 hr | Rodean School |
| 1 – 5 | All | CAPS aligned online lessons, games & exercises in all subjects & extra subjects | https://2simple.com/za/purple-mash/ | N/A | 2simple |
| 12 | All | Video tutorials on variety of topics and subjects | https://www.education.gov.za/Informationfor/Learners/VideoTutorials.aspx | N/A | DBE |
| 12 | All | Audio Tutorials | | N/A | DBE |
| 3 | Mathematics & English | New Online Lessons, worksheets & memos uploaded everyday | https://www.worksheetcloud.com/live/grade-3-online-classroom/ | 1 | Worksheet Cloud |
| 12 | Afrikaans | Online lessons | https://www.youtube.com/channel/UC_05vZ2jn3iBGQtSR37h_ug | N/A | You Tube |

## Ander Hulpbronne

| Graad | Leerarea | Inhoud | Skakel | Kanaal/ Webtuiste |
|---|---|---|---|---|
| All | All | Online Lessons Everyday | https://www.facebook.com/AfricaTeenGeeks/posts/2865287876882195?__tn__=K-R | African Teen Geeks Facebook |
| All | Various | SABC Education Podcasts on variety of topics | https://iono.fm/c/3855 | Iono FM |
| All | All | CAPS aligned materials, podcasts, videos & past papers | https://capsradio.co.za/ | CAPS Radio |
| All | English | Printable English lessons and worksheets for every grade | https://remotesupport.achieve3000.com/ | Achieve 3000 |
| All | All | Videos on all subjects and topics for all grades | https://www.facebook.com/AfricaTeenGeeks/videos/ | African Teen Geeks Facebook |
| All | All | E-classroom – video tutorials, mock exams & CAPS support content | https://e-classroom.co.za/ | E-classroom |
| All | All | Vodacome E-school – guided content, tasks & tests | https://vodacom-cleverly.vodacom.mytopdog.co.za/ | Vodacome E-school |

| Graad | Leerarea | Inhoud | Skakel | Kanaal/ Webtuiste |
|---|---|---|---|---|
| 1 – 3 | | | | |
| 1 – 3 | All | Suggested schedules, worksheets & mixed subject PDF activities | https://www.isasa.org/ecd-and-foundation-phase-resources-from-st-andrews/ | St. Andrews School |
| 1 – 3 | N/A | Home education schedules and ideas for younger children | https://www.isasa.org/home-education-schedule-for-younger-children/ | ISASA |
| 1 – 3 | Home Language & English | Comprehensive African Language graded reading resources | https://vulabula.molteno.co.za/how-use-resources#graded_readers | Vulabula |
| 1 – 3 | All | Lessons, worksheets for all subjects & suggested home schedule routine. Offline resour-ces | https://sites.google.com/sparkschools.co.za/home-learning/home/foundation-phase?authuser=0 | SPARK Schools |
| 7 – 9 | Lessons & worksheets | Lessons, worksheets for all subjects & suggested home schedule routine. Offline resources | https://sites.google.com/sparkschools.co.za/home-learning/home/senior-phase?authuser=0 | SPARK Schools |
| 4 – 6 | All | Offline & online resources & worksheets. CAPS opensource textbooks | https://sites.google.com/sparkschools.co.za/home-learning/home/intermediate-phase/math?authuser=0 | SPARK Schools |
| 1 – 7 | English | Worksheets & curriculum information for grade 1 to 7 | https://www.smart-kids.co.za/activity/worksheets | Smart kids |
| 10 – 12 | All | E-school – digital classroom with lessons, asignments & games | https://seva.co.za/app.html#/dashboard/guest | Seva |
| 12 | All | Video tutorials on variety of topics and subjects | https://www.education.gov.za/Informationfor/Learners/VideoTutorials.aspx | DBE |
| 4 | Maths, English, Natural Science | Downloadable lesson resources | https://www.isasa.org/intermediate-phase-resources-from-st-andrews/ | St. Andrews School |
| 1 – 12 | All | Online library incl. study guides | https://www.snapplify.com/za/freeaccess | |
| 1 – 12 | All | Full online library | https://syafunda.co.za/ | Syafunda |
| 1 – 6 | Reading and Language | Remedial Reading and education | https://www.bellavistashareonline.org.za/ | Bellavista Share |